DF Fokus 1/2009

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145
Faks: 041-5813118
E-pos: dfm@telkomsa.net
Datum: 4 Februarie 2009

VERWELKOMING

Dis andermaal 'n voorreg om hierdie brief, 2009 se eerste, aan u te rig. Welkom aan almal wat nuut by ons aangesluit het. Ons hoop regtig dat u verbintenis met DF 'n baie mooi en verrykende een sal wees. Ons herinner u almal daaraan dat dit ons gebruik is om die eerste Woensdag van elke maand wat binne die skoolkwartale val 'n maandbrief aan u te stuur. Vra tog maar u kinders daarvoor! So probeer ons u op hoogte hou van wat by die skool gebeur.

Ons verwelkom die volgende onderwysers by ons: mej E Brits (Wiskunde), mev L du Plessis (JOT/ Lewensoriëntering) en mnr Q Coetzee (Afrikaans). Ons vertrou dat hulle baie gelukkig hier sal wees.

GELUKWENSINGE

Verlede jaar se Graad 12's het die hele DF gemeenskap rede gegee om uiters trots te wees: Die top 10 kandidate is: Kristine Dutton 90%, Ané Ferreira 87%, Amy Rheeder 85%, Diederick Dippenaar 83%, Jamie-Lee Kriel 83%, Heinrich Basson 82%, Jessica van der Merwe 82%, Anria Kruger 81%, Karlien Matthee 79%, Thea Buckle 78%. 114 van 116 kandidate het geslaag, waarvan 79 met toelating tot Baccalaureus Graad-, Diploma- of Hoër Sertifikaatstudie, 31 tot Diploma- of Hoër Sertifikaatstudie en 4 Hoër Sertifikaatstudie. Kristine het die uitsonderlike prestasie behaal om eerste in die PE Distrik (7 833 kandidate) te eindig.

Hier volg die opsomming van die ander grade se uitslae:

	GRAAD 11	**GRAAD 10**	**GRAAD 9**	**GRAAD 8**
Leerders	*113*	*92*	*125*	*103*
% slaag	*97.35*	*95.65*	*93.6*	*94.18*
A-totale	*13*	*7*	*7*	*13*

	GRAAD 11	**GRAAD 10**	**GRAAD 9**	**GRAAD 8**
1	Genevéve Deyzel	Annika Theron	Nikki De Ridder	Adelle Basson
2	Jeannè Scholtz	Gerhardus Röth	Janien Raubenheimer	Bianca Liebenberg
3	Willem Naudé	Liesbet du Toit	Talana Matthee	Toshka Barnardo
4	Nicola Alberts	Joné Smith	Luané Buys	Jade-Chloé van Deventer
5	Marcelle Hattingh/ Lindie Petzer	Ruan Koen	Jeanroux Horn	Cornelius Greyling
6		Annette Greyling	Marthinus Prinsloo	Kim Harris
7	Ruben van Staden	Karien Knoetze	Marlise Keller	Trudie Fox
8	Emma Kotze	Sharlize Gaybba	Aleesha Gerber	Christine du Toit
9	Carien Gerber	Karlien Nell	Maryna Slabbert	Lizé de Jager/Mieke Alberts
10	Wilmie Scholtz	Vinette van der Merwe	Lisé Crouse	

Dankie

Ons wil graag hiermee dankie sê aan almal wat donasies van skoolklere gestuur het. Ons kan dit baie nuttig aanwend. Enige ongebruikte skool items is welkom en kan by die kantoor ingehandig word.

BALDANS

Baldans vind plaas elke Dinsdag-aand om 19:00-20:00. Vir verdere inligting kan u Mev Scholtz skakel by 0828572850.

KRIEKET-KLINIEKE

Mnr Christo Sciven, Sportorganiseerder , gaan vanjaar mini-krieketklinieke vir laerskole in Port Elizabeth aanbied. Dit sal op dieselfde basis geskied as die rugby-akademie wat hy verlede jaar vir laerskole aangebied het. Spesiale aandag sal aan elke individuele speler gegee word. Dié klinieke sal Maandag tot Vrydag tussen 13:15 en 14:00 aangebied word. Mnr Scriven kan gekontak word by 083 3045229.

BEHEERLIGGAAM

Die volgende Beheerliggaamlede het uitgetree: Dr A Geyer (Voorsitter), mnr P Horn (Akademie) mev R Dippenaar (Kultuur), mev D Ferreira (Sport).

SKOOLGELD

Skoolgeld vir die jaar beloop R7 500 per kind. Dit is betaalbaar oor 10 maande (1 Februarie tot 1 November). Betaling geskied òf per debietorderstelsel oor 10 maande òf 'n eenmalige kontant inbetaling voor die einde van Februarie. Indien u die volle bedrag vóór 28 Februarie 2009 vereffen, kry u 10% afslag. Die sluitingsdatum vir aansoeke om verligting van onderriggeld volgens die glyskaal is 28 Februarie. Skakel mev. Slabbert indien u meer inligting hieromtrent benodig. Indien u enige verskuldigde geld aan die skool direk in ons rekening deponeer, moet u asseblief die deposito-strokie aan ons faks ons kan sien watter rekening gekrediteer moet word en waarvoor die geld is. Ons bankbesonderhede is: ABSA, tjekrekeningnommer 1640153608, bankkode 630117. Agterstallige rekeninge word ná 90 dae aan die skuldinvorderaars oorhandig.

MA'S WAT OMGEE

Hierdie groepie kom voorlopig op 'n Donderdag-oggend om 07:45 in die siekekamer bymekaar. Iemand wat wil aansluit om saam in die gebed vir ons skool in te tree kan die kantoor skakel.

ID DOKUMENTE

Die Departement van Binnelandse Sake gaan op 5 Februarie die skool deur die loop van die dag besoek. Leerders wat 15 jaar of ouer is, en wat nog nie aansoek gedoen het vir hulle ID-dokumente nie, kan dit dan doen. So 'n leerder het 'n gesertifiseerde afskrif van haar/sy geboortesertifikaat en twee klein ID foto's (of R30 waar die foto's dan by die skool geneem sal word) nodig.

Leerders wat alreeds aansoek gedoen het, maar nog nie hulle ID-dokumente ontvang het nie, moet asseblief nulle name voor 5 Februarie vir mej. Jonker gee (meld asseblief jou volle naam, van, datum van aansoek en tydelike identitietsnommer), sodat die lede van die Departement van Binnelandse Sake dit kan skool toe bring . *N.B.: DIE LEERDER BENODIG 'N ID-DOKUMENT OM IN TE SKRYF VIR DIE GRAAD 11 EN 12 EKSAMEN.*

MY SCHOOL PROJEK

Ons wil graag aan die ouers wat ons skool in die projek ondersteun, baie dankie sê. Deur net die My School-kaart by sekere handelaars te gebruik het die skool verlede jaar ‘n bedrag van **R4 242.29** geïn. Ons wil graag ook die res van ons ouers vra om hierdie projek te ondersteun. Sou u nie in besit wees van ‘n My School-kaart nie, is u welkom om aansoekvorms by die kantoor af te haal. Sou u in besit wees van ’n My School-kaart, maar dit is gekoppel aan ’n laerskool waarby u kinders nie meer belang het nie nie kan u ook die kantoor skakel en die nodige reëlings sal gedoen word dat die kaart oorgedra word op Hoërskool DF Malherbe se rekening. Bygaande is ook vir u gerief ‘n lys van handelaars waar die kaart gebruik kan word.

Bargain Books - Moffet on Main, Summerstrand en Walker Rylaan
Brian Bands Sports Newton Park
Crafty Arts - Walmer Park
Duraline - Humansdorp
Engen - Aerofill, Beachway Service Station, Bluewater Bay Centre, Cape Road Convenience Centre, Greenacres Auto Centre, Kwa Magxaki Retail Centre, Linton Grange Service Station, Millenium Convenience Centre, Mount Pleasant Motors, North End Service Station, Rink Auto Centre, Tyre & Tube Service Station, Wavecrest Convenience Centre, William Moffett Petro Park, New Brighton Service Station
Fascination Books - Greenacres
Grant Carelse Optometrists - Humansdorp
Inky Shop - Walmerpark
Intle Solutions
Lanko Travel
Ola Milky Lane (Bridge)
Reggie’s - The Bridge & Walmerpark
RET Butler’s Pharmacy
Ribbon and Ink Supplies
Supa Quick - Sharwoods - Berrys Corner, Graaff Reinet, Greenacres, Humansdorp, Linton Grange, Newtonpark, Oliver Cradock, S & S Uitenhage, Sharwoods-Noordeinde.
Tiger Wheel & Tyre.
Tile Africa
Toys ‘R’ Us
Ultimate Stylists
Value Furnishers
Waltons - Fig Tree Park, Graaff-Reinet, Noordeinde, Uitenhage, Harrowerstraat.
Wimpy - Boardwalk, Brookes Pavilion, Greenacres, Metlife Plaza, Moffett Retail Park, Port Alfred, Summerstrand, Sunridge, The Bridge, Time Square, Walmer.
Woolworths - Accesspark, Clearypark, Greenacres, PE Gardens, Walmerpark, Sunridgepark, Uitenhage.

MAKRO-KAART

Ons wil ook die ouers vra om ons te ondersteun in die Makro-kaart projek. Geen vorms word in die proses voltooi nie. U moet net u bestaande Makro-kaart by die Makro kliënte diens koppel aan die skool wat u wil begunstig- ‘n proses wat net etlike minute neem. ‘n Persentasie van die laaste drie maande se transaksies wat aangegaan is sal dan ten gunste van die skool tel.

Ons vertrou op u goedgunstige samewerking in bogenoemde projekte!

UITSLAE

Interkleure Atletiekbyeenkoms: 5de Groen Mambas (Gr 9) met 17 549, 4de Rooi Pirates (Gr 12) — 18 170, 3de Oranje Cheetas (Gr 8) —18 639, 2de Blou Brekers (Gr 11) — 19 320 en 1ste White Chocolates (Gr 10) — 27 576.

Die volgende leerders het uistekend gevaar en die volgende rekords opgestel: Seuns o/14 Brian Wolmarans: 100m rekord was 12,28s (2002) verbeter na 12,24s ook in die 400m was die rekord 59,5s (1996) en is dit verbeter na 57,40s. Seuns o/17 Ian Claassen: Diskus rekord was 37,47m (1977) verbeter na 40,15m. OPE Stap: Reginald Hufkie: 1 500m stap was 7 min 26 sek (2008) en is verbeter na 7 min 05 sek.

Aflosbeker: Die dogters en seuns se aflostye is volgens die ABSA tabel uitgewerk en bymekaar getel. Die wenners was O/16 White Chocolates.

Tweekamp: Karel Prinsloo (o/15) en Janien Raubenheimer (o/15) is opgeneem in die OP Tweekamp-span wat op Saterdag, 7 Februarie aan 'n Interprovinsiale byeenkoms op Oudtshoorn deelneem het. Karel is in die B-span en Janien in die C-span opgeneem.

MALHERBIETKAMP

30 Redaksielede het vanaf 30 Januarie - 1 Februarie die kamp by Seaview bygewoon. 'n Opleidingskursus o.l.v. Ruan Naudé (redakteur 2004) het plaasgevind. Ten spyte van die lastige ape (die gryses) is die eerste uitgawe en die Valentynsbal beplan. Dit was ook 'n heerlike spanbou-geleentheid. Die kamp is met 'n braai saam met die ouers afgesluit.

'N GOUE GEDAGTE

'n Lig in die donker—Probeer om mense met hoop en lig aan te raak. Leer om in verwondering en dankbaarheid

TEN SLOTTE

Dankie vir elkeen van u se bydrae, ondersteuning en vriendelikheid sover vanjaar, bv. by die kleure-atletiek en die VCSV kamp.

Dankie vir u aandag!

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE KWARTAAL

FEBRUARIE

2 - Gholf Rondte 1 , Nico Malan vs DF Malherbe te St Francis. o/14 S/krieket vs Bethelsdorp (T)
3 - Malherbiet ouervergadering. VRL Verkiesing. Tennis meisies 1ste & 2de vs Collegiate (T), 3de vs Gelvandale (W). D/krieket vs St Dominic's (T)
4 - 2de S/krieket vs Linkside (T). Ouer-vergadering.
5 - Tennis seuns - 1ste en 2de vs Newton (T) Dogterskrieket vs St Dominic's Priory (T)
7 - 1ste S/krieket vs Uitenhage Hoër (T)
9 - Gholf (Rondte 1) Grey 2 vs Framesby vs DF Malherbe te Zwartenbosch. o/14 S/Krieket vs Newton Tech (W)
10 - Tennis dogters 1ste (T) & 2de (W) vs St. Dominics, 3de vs Brandwag (T) Dogterskrieket vs Uitenhage Sekondêr (T)
11 - Zone 1 Atletiek te Westbourne Oval. 2de S/krieket vs Bertram (T)
12 - Algemene kennis, Klub 54. Tennis seuns 1ste & 2de vs Framesby (W)
13 - Sivviedag. DFMOK onthaal nuwe ouers
14 - Valentynsbal. 1ste S/krieket vs VP (T)
16 - Gholf (Rondte 1) Grey 1 vs Brandwag vs DF Malherbe te Uitenhage. 0/14 S/krieket vs Gable Street (T)
17 - Prysuitdeling (Akademies). Tennis meisies 1ste & 2de vs Pearson (W), 3de vs Collegiate (T) Dogterskrieket vs Victoria Park (W)
18 - 1ste S/krieket vs Kirkwood (T)
19 - Vasvra Interklas ; Tennis Seuns, 1ste vs Daniël Pienaar, (W), 2de vs Gelvandale (T)
21 - 1ste S/krieket vs St. Dominic's (W)
23 - Gholf (Rondte 1) DF Malherbe vs Westering te Shark River. o/14 S/krieket vs Loslooitjie (W)
24 - DFMOK Vergadering. Tennis dogters 1ste & 2de vs Victoria Park (T) en 3de vs Newton (W) Dogterskrieket vs Linkside (W)
25 - 2de S/krieket vs Pearson (T)
26 - Tennis seuns 1ste vs Brandwag (T) en 2de vs Pearson (W)
27 - Bloedskenk
27-1 - CSV—Takkamp
28 - 1ste S/krieket vs Mzontsundu (T)

MAART

2 - Gholf (Rondte 2), Nico Malan vs DF Malherbe te Zwartenbosch. o/14 S/krieket vs Nico Malan (T)
3 - Graad 8 & 9 toetsreeks begin. Tennis dogters 1ste & 2de vs Nico Malan (W) en 3de vs Imbewu (W) Dogterskrieket vs BYE
3 - 2de S/krieket vs Despatch (T)
5 - Tennis seuns 1ste en 2de vs Muir (T)
7 - DF Gholfdag. 1ste S/krieket vs Despatch (W)
9 - Gholf (Rondte 2) Grey 2 vs Framesby vs DF Malherbe te Humewood. o/14 S/krieket vs Alexander Road (T)
11 - 2de S/krieket vs Nico Malan (W)
14 - 1ste S/krieket vs Mfuneko Ngam (T)
16 - Gholf (Rondte 2) Grey 1 vs Brandwag vs DF Malherbe te Humewood
20 - DFMOK funksie
21 - 0/14, 0/15 en 1ste Rugby Gill Sportdag te Gill
23 - Gholf (Rondte 2) DF Malherbe vs Westering te Shark River
27 - Despatch sportfees (W) 1ste spanne R/N/DH. Graad 8 kamp
28 - Despatch sportfees (W) R/N/DH (o/14 & o/15 R)
27 - Champbells. Debat te Pearson.
30 - VCSV Koffiekroeg

APRIL

1 - Matriektoer vertrek
3 - Skole sluit. o/14 & o/15 Rugbytoer vertrek na George (Hoërskool Outeniqua) .
8 - o/14 & o/15 Rugbytoer keer terug
9 - Matriektoer keer terug
15 - Skole Open - Inspeksie Wintersdrag
17 - Redenaars te Framesby
18 - R/N Cillié (W)